



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2017

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

---

**AFDELING A LETTERKUNDE**

**HOOPVOL – Derick van der Walt**

**VRAAG 1**

- 1.1 Daar was min geleentehede vir jongmense op die dorp.  
Nathalie wou graag die wêreld buite Hoopvol leer ken.  
Nathalie was nie gelukkig in haar huislike omstandighede nie.  
Nathalie wil nie op Hoopvol agterbly nie, want sy besef dat die patroon dan is dat sy sal trou en baie kinders kry/Nathalie wil nie met Sakkie trou nie.  
Nathalie is verveeld op Hoopvol/Hoopvol is 'n vervelige dorp/daar is nie veel om te doen nie.  
Nathalie voel hopeloos/wanhopig/vasgevang op Hoopvol.  
(Enige 2)
- 1.2 Hoopvol het min werksgeleentehede vir die inwoners gehad.  
Nathalie kon 'n suksesvolle loopbaan uit die werk by die hotel skep.  
Tannie Lettie laat Nathalie verstaan dat haar werk by die Rose and Crown 'n uitsoekjoppie/uitsoekwerk was.
- 1.3 Sherelene (juffrou September se assistent) het 'n tyd lank Baai toe gegaan vir 'n begrafnis Daar was dood in die familie.
- 1.4 Juffrou September was vreemd/het vreemd opgetree/het daaglikse gehuil.  
Sherelene se gehalte werk was nie baie goed nie/haar werk was deurmekaar. Sherelene het nie juffrou September se dagboek op datum gehou nie.  
Fiona was ongeskik met Nathalie op haar eerste dag en wou haar aanvanklik nie help om die rekenaar se wagwoord te kry nie.

KARAKTER	REDE VIR KONFLIK
Sakkie	Sakkie het 'n romantiese belangstelling in haar waarvan sy nie hou nie. Sakkie het Bobby gearresteer. Sakkie het haar nie betyds laat weet dat Bobby vrygelaat/onskuldig was nie. Dit irriteer vir Nathalie as Sakkie te hoflik optree soos wanneer hy vir haar die kardeur oopmaak/aanbied om haar te help om haar bestuurderslisensie te kry. (Enige 1)
Mev. Chalmers	Mev. Chalmers het talle huistake van Nathalie verwag. Mev. Chalmers het Nathalie laat voel dat sy deurentyd dankbaar moet wees vir wat sy vir haar gedoen het. Mev. Chalmers het pastoor Chalmers sleg behandel. Nathalie voel bitter dat dit nooit opgehaal word dat mev. Chalmers eintlik in haar huis woon nie. (Enige 1)
Tannie Lettie	Tannie Lettie het gedink Nathalie benut nie haar geleentehede nie. Tannie Lettie het negatiewe opmerkings rakende Bobby gemaak.

	<p>Tannie Lettie het veroorsaak dat die boodskap nie by Nathalie uitgekom het nie.</p> <p>Tannie Lettie laat Nathalie onredelike lang ure by die Rose and Crown werk.</p> <p>Tannie Lettie herinner haar altyd dat dwelmverslaafdes nooit heeltemal herstel nie.</p> <p>Tannie Lettie kom help nie vir Nathalie wanneer die verkoopsagent haar seksueel teister nie.</p> <p>Tannie Lettie het neergesien op Bobby se werk as 'n afleweringsbode.</p> <p>Tannie Lettie sê dat Bobby geen persoonlikheid het nie.</p> <p>(Enige 1)</p>
Verkoopsagente	<p>Die agente het haar suggestief behandel./Hulle het seksuele opmerkings gemaak.</p> <p>Die agente het gesuggereer dat sy agterlik was.</p> <p>Nathalie voel dat dit onregverdig is dat mans daarmee kan wegkom om vrouens seksueel te teister.</p> <p>Die verkoopsagent voel dat meisies van klein dorpies soos Hoopvol goedkoop/desperaat is en enige iets sal doen om uit Hoopvol te kan ontsnap.</p> <p>(Enige 1)</p>

- 1.6 Nathalie was verwagtingend/swanger/Daar is niks meer op Hoopvol wat haar daar hou nou dat Bobby weg is nie.
- 1.7 Mayfair/in die woonstel bo haar tannie Mabel se rokwinkel.
- 1.8 Met Luke/Oom Luke/mnr. Luke Anderson
- 1.9 Nathalie was nie werklik verlief op Luke nie./Nathalie was steeds verlief op Bobby.  
Nathalie het slegs met hom getrou sodat Ben 'n vader-figuur kan hê.  
Oom Luke was altyd landuit./Oom Luke het baie gereis.  
Finansiële stabiliteit.  
Luke het hulle verlaat om in 'n land in Afrika/Nigerië te gaan werk.  
Nathalie wou nie saam met haar kinders Nigerië toe gaan nie.  
(Enige 2)
- 1.10 Nathalie en Bobby is langs/bymekaar begrawe in die Van Eeden Familiebegraafplaas. Ben besluit om sy gastehuis Bonalie te noem wat 'n kombinasie van sy ma en pa se name is.

## VRAAG 2

2.1

1	Bobby het Nathalie in die ontvangs-area van die Rose and Crown Hotel ontmoet ( <i>Rose and Crown/hotel/ontvangs</i> ). Sy het hom in die binnehof van die hotel gesien.
2	Bobby is opgeneem om behandeling vir sy dwelmprobleem te ontvang. Rehabilitasie
3	Olivia het Bobby van die molestering beskuldig.
4	Nathalie het gedink dat Bobby dalk skuldig kon wees, want <ul style="list-style-type: none"> <li>• die beskuldigde het mank (kruppel/ongemaklik) geloop soos Bobby (Bobby het van sy motorfiets afgeval).</li> <li>• Olivia het gesê dat dit Bobby was.</li> <li>• Bobby het 'n geskiedenis van dwelmgebruik.</li> <li>• Bobby het haar vertel van die meisies wat hy voorheen misbruik het.</li> <li>• Toe sy hom in die tronk besoek het, het hy 'n wilde kyk in sy oë gehad. (swart kringe onder die oë/rooi oë)</li> <li>• Olivia het gesê dat die aanvaller kort was.</li> <li>• Olivia het gesê dat die aanvaller in 'n rooi afleweringbakkie weggejaag het en Bobby het aflewering gedoen.</li> <li>• Nathalie kon die twyfel in Liefie se oë sien. (bl. 126)</li> <li>• Tannie Lettie het gesê dat min van hulle regkom.</li> </ul> (Enige 3)
5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tannie Rhoda het vertel dat sy vir Bobby een van haar blou slaappilletjies gegee het/ Bobby was aan die slaap.</li> <li>• Tannie Rhoda het ook gesien hoe Kevin die afleweringvoertuig/afleweringskar die dag gebruik het.</li> </ul>
6	Bobby het oorfone opgehad en kon Nathalie nie hoor nie. Hy het musiek geluister. Hulle was op verskillende treine/ander trein. Nathalie kon nie die venster oopkry nie.
7	Bobby het verraai/seergemaak gevoel omdat Nathalie/ <del>sy vriende</del> hom verdink het/nie geglo/vertrou het nie. Hy het gevoel dat hy nie van sy verlede kon ontsnap nie. (Enige 1)

2.2

- Tannie Lettie het nie die waarheid vertel toe Bobby wou weet waar Nathalie was nie.
- Tannie Lettie het nie Bobby se kontaknommer/telefoonnommer vir Nathalie gegee nie./Sy het die nommer opgefrommel/weggegooi.
- Sy het deurlopend vir Nathalie vertel dat Bobby nie 'n goeie persoon was nie.
- Sy het vir Olivia gedreig om niemand te vertel dat Bobby Nathalie probeer kontak het nie.
- Sy het vertel dat Nathalie in die Kaap werk/sy wil aangaan met haar lewe.
- Tannie Lettie het nie vir Nathalie toestemming gegee (wou nie toelaat) dat Nathalie vir Bobby gaan soek nie.  
(*Enige twee*)

- 2.3 Tannie Lettie het nie van Bobby gehou nie/Tannie Lettie het Bobby nie vertrou nie/Tannie Lettie het geglo dat verslaafdes nie rehabiliteer nie/Tannie Lettie het oor die algemeen nie van mans gehou nie.  
Bobby is nie reg vir Nathalie nie/hy is sleg vir Nathalie.  
Tannie Lettie wou Nathalie by die hotel gehou het om oor te neem.  
Tannie Lettie het gesê Bobby het nie 'n goeie persoonlikheid nie.
- 2.4 Hulle wou saam Kaap toe gaan.Hulle wou saam Hoopvol verlaat/weggaan.  
Hulle wou trou.  
Hulle wou 'n woonstel in Clifton koop.  
Bobby wou vir haar mooi skoene koop./Hy wou Johnny Walker Blue/whiskey drink  
Bobby wou haar op eksotiese vakansies geneem het. (Egipte/Mauritius)/  
Hulle wou die wêreld gaan sien.  
Bobby wou op 'n myn in die Noord-Kaap gaan werk om geld te kry.

### VRAAG 3

*Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*

*Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.*

- 3.1 Soetwater.
- 3.2 Liefie/lemand het hom gebel.
- 3.3 Helena was baie negatief (of iets wat 'n negatiewe/afsydige houding uitbeeld.)/Sy het voor gaan sit in die kar./Sy het nie gepraat nie/sy was jaloers.  
Sy het gevoel dat ek haar broer se plek wou oorneem./Sy het my as kompetisie op die plaas gesien./Sy het gedink sy is beter as seuns.
- 3.4 'n Vierwielmotorfiets-ongeluk/'n motorfietsongeluk/quadfiets/quadbike/quad
- 3.5 Oom Frans het stiller geword/ernstiger/depressief/skuldig gevoel
- 3.6
- Dit het gesneeu.
  - Bobby het op Soetwater gewerk.
  - Bobby het na skape gaan soek.
  - Bobby het dalk na die sneeu gaan kyk/gaan stap.
  - Bobby het dalk op die sneeu gegly.
  - Bobby het van 'n krans afgeval.
  - Bobby het sy kop gestamp en sy bewussyn verloor.
  - Bobby het nie die vorige aand in sy bed geslaap nie/hy het die hele nag daar gelê.
  - Die mense het nie geweet dat hy vermis was nie anders sou die soektog vroeër begin het.
  - Die plaasmense het die volgende dag na hom gaan soek.
  - Toe hulle sy lyk vind het hy rustig/vredevol voorgekom/hy het 'n glimlag op sy gesig gelaat/hy het gelukkig gelyk.
- (Enige een twee feite)*
- 3.7 Ek wil dit in 'n gastehuis omskep/NIE Hotel/Losieshuis/Vakansiehuis NIE
- 3.8 *(Eie interpretasie)* Bv. Daar is niks vir my meer in Johannesburg nie/ek het 'n nuwe lewe hier/ek is gelukkig hier op die plaas/ek het 'n nuwe familie/ek is verlief op Helena/my ouers is hier/my sussie is hier/ek het vrede in die karoo gekry/ek kry nie meer nagmerries nie, ens.

## VRAAG 4

**Inhoud:** Maksimum van 350 woorde

### ① /Die hoop-motief in Nathalie se lewe.

- Nathalie ervaar hierdie gevoelens, want sy kon Hoopvol nie verlaat soos ander kinders wat gaan studeer het nie/vasgevang/geen toekoms/nie geld gehad nie/min moontlikhede/geen vooruitsig/vervelige lewe.
- Nathalie het gevoel dat Bobby haar dalk uit Hoopvol kon wegneem./ dalk is Hoopvol nie so sleg nie/bietjie avontuur
- Bobby het Hoopvol na die Olivia-insident verlaat/na die klagte teen hom/ nadat hy uit die tronk is.
- Sy het in die naaldwerkwinkel gaan werk.
- Sy het met oom Luke getrou.
- Sy het 'n nuwe huis vir die gesin gekry.
- Sy het 'n nuwe werk by Clicks gekry.
- Sy het hard gewerk en bevordering by Clicks gekry.  
Huis in Hoopvol gehou om vir Ben se studies te betaal  
(Kandidate wat Nathalie as jong Nathalie gesien het: Werk by Rose en Crown/werk by Laetitia September, burgemeester.

*(Enige drie)*

### ② Die hoop-motief in Bobby se lewe.

- Hulle het hom na klinieke/gebedsgroepe/sentrums gestuur./ groepsessies/sielkundiges
- Bobby het gehoop hy sal van sy dwelmprobleem genees word./beter sal word/skuldgevoel teenoor sy pa/ gesien sy pa word oud en voel skuldig
- Eie antwoord plus rede/motivering.  
bv. Ja: Hy het nie weer dwelms gebruik nie.  
Hy het Nathalie ontmoet.  
Hy het 'n goeie werk gekry.  
Tevrede gesterf/met glimlag.  
Skaapskeerder van die jaar geword.  
Markagent van die jaar.  
  
Nee: Hy is van molestering beskuldig.  
Sy verhouding met Nathalie het nie gewerk nie.  
Het jonk gesterf.  
Onrustige siel/swerwer.  
Niemand het hom geglo nie/ dorp het teen hom gedraai.

③ **Die hoop-motief in Ben se lewe.**

- Fiona het gesê dat sy weet waar sy pa gewerk het./Varsprodukte-mark Pretoria.
- Hy het 'n foto van sy pa gevind.
- Hy het gehoor dat sy pa Bloemfontein toe getrek het./meubelfabriek-Houtgerus.
- Hy het sy pa se bynaam geleer.
- Hy het by 'n kroeg gehoor dat sy pa Hoopvol toe getrek het.
- Mense sê ek lyk soos my pa.
- Leuens wat sy ma vertel het, het hom laat beseef hy kan dalk pa vind.  
(*Enige drie*)
- Hy is deur die van Eedens soos hulle eie kind aanvaar.
- Hy het 'n meisie, Helena van Eeden, ontmoet en 'n verhouding het ontstaan.
- Hy het uitgevind wat met sy pa gebeur het.
- Hy het besluit om 'n gastehuis te open.
- Leer van die plaaslewe/hou van die werk.
- Vrede gekry/afsluiting.
- Kon teruggaan skool toe.
- Gesin is herenig.
- Sy erfporsie gekry.

**Taal en struktuur**

Die vier punte vir *Assessering* word volgens die **TAAL EN STRUKTUUR (4)** toegeken.

	<b>TAAL EN STRUKTUUR (4)</b> Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
<b>4 punte</b>	Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend, indrukwekkend, korrek.
<b>3 punte</b>	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is bogemiddeld. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek.
<b>2 punte</b>	Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie heeltemal geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie.
<b>1–0 punte</b>	Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon.



## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die opdrag misgetas of verkeerd geïnterpreteer is, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Dialoog

Inhoud, beplanning en formaat	E	7
Taal, styl en redigering	G	6
	7 + 6 =	<u>13</u>

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria vir elkeen van die drie rubrieke na aanleiding van die **kodes**.

Skryf die punte soos volg neer:

I : E	7
T : G	6
	<u>13</u>

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6 – die punt moet deur 2 gedeel word ten einde die totaal uit 10 te laat tel.

Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbel strepie aan die begin van sin wat nuwe paragraaf aandui	Nuwe paragraaf
interessant	Strepie onder die woord	Spelfout
x	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwarrend/foutief gebruik
?/ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/kronkelstreep	Onduidelik/onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma

Indien die skryfstuk ver te lank is, word daar net gelees tot die vereiste getal woorde – kandidaat word dan outomaties op grond van inhoud gepenaliseer.

## **VRAAG 5                    DIALOOG**

### **Formaat:**

Die formaat word bepunt.

- Name teen die kantlyn
- 'n Reël oop tussen spreekbeurte
- Dialoog in blokvorm
- Geen aanhalingstekens nie

### **Taal:**

Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.

### **Inhoud:**

Is die trant duidelik ten opsigte van die riglyne wat gegee is?  
Word interessante inligting gegee?/Is gesprek saaklik en onderhoudend?

## **VRAAG 6                    AANLYN-ADVERTENSIE**

### **Formaat:**

Geen voorgeskrewe formaat by die inhoud nie, wel by paragrawe.

### **Inhoud:**

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee word?
- Word die inligting genoegsaam saaklik en in die korrekte trant oorgedra?

**ASSESSERINGSRUBRIEK: LANG TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT**

**[30]**

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTÊR	ONVOLDOENDE
<p><b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Respons</b> op onderwerp.</li> <li>• <b>Idees</b> in teks.</li> <li>• <b>Organisering</b> van idees vir die beplanning, doel en gehoor.</li> <li>• <b>Kenmerke/konvensies</b> (reëls) en <b>konteks</b> van die teks.</li> </ul> <p>(18)</p>	<p><b>15–18</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Gepas en akkuraat.</li> </ol>	<p><b>11–14</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Gepas met onbeduidende foute.</li> </ol>	<p><b>8–10</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Sommige detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Redelike samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Oorwegend gepas, maar met enkele foute.</li> </ol>	<p><b>5–7</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan.</li> </ol>	<p><b>0–4</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Baie min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Geen samehang in idees en inhoud nie.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.</li> </ol>
<p><b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Toon, register, styl en woordkeuse:</b> hoe gepas vir doel/effek en konteks?</li> <li>• <b>Grammatika:</b> Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling en punktuasie en woordeskat.</li> </ul> <p>(12)</p>	<p><b>10–12</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.</li> </ol> <p><b>Feitlik foutvry.</b></p>	<p><b>8–9</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Baie gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.</li> </ol> <p><b>Oorwegend foutvry.</b></p>	<p><b>6–7</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.</li> </ol> <p><b>Foute belemmer nie betekenis nie.</b></p>	<p><b>4–5</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Minder gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.</li> </ol> <p><b>Foute belemmer betekenis.</b></p>	<p><b>0–3</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie.</li> </ol> <p><b>Foute belemmer betekenis ernstig.</b></p>
<p><b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b></p>	<p><b>25–30</b></p>	<p><b>19–23</b></p>	<p><b>14–17</b></p>	<p><b>9–12</b></p>	<p><b>0–7</b></p>

**ASSESSERINGSRUBRIEK: KORT TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT**

<b>KRITERIA</b>	<b>UITSONDERLIK</b>	<b>KNAP</b>	<b>GEMIDDELD</b>	<b>ELEMENTÊR</b>	<b>ONVOLDOENDE</b>
<p><b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Respons</b> op onderwerp.</li> <li>• <b>Idees</b> in teks.</li> <li>• <b>Organisering</b> van idees vir die beplanning, doel en gehoor.</li> <li>• <b>Kenmerke</b>/konvensies (reëls) en <b>konteks</b> van die teks.</li> </ul> <p>(12)</p>	<p><b>10–12</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Gepas en akkuraat.</li> </ol>	<p><b>8–9</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Gepas met onbeduidende foute.</li> </ol>	<p><b>6–7</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Sommige detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Redelike samehang in inhoud en idees.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Oorwegend gepas, maar met enkele foute.</li> </ol>	<p><b>4–5</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan.</li> </ol>	<p><b>0–3</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>RESPONS:</b> Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking.</li> <li>2. <b>IDEES:</b> Baie min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>3. <b>ORGANISASIE:</b> Geen samehang in idees en inhoud nie.</li> <li>4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.</li> </ol>
<p><b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Toon, register, styl en woordkeuse:</b> hoe gepas vir doel/effek en konteks?</li> <li>• <b>Grammatika:</b> Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling en punktuasie en woordeskat.</li> </ul> <p>(8)</p>	<p><b>7–8</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.</li> </ol> <p>Feitlik foutvry.</p>	<p><b>5–6</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Baie gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.</li> </ol> <p>Oorwegend foutvry.</p>	<p><b>4–5</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.</li> </ol> <p>Foute belemmer nie betekenis nie.</p>	<p><b>3</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Minder gepas vir doel, gehoor en konteks.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.</li> </ol> <p>Foute belemmer betekenis.</p>	<p><b>0–2</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE:</b> Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.</li> <li>2. <b>GRAMMATIKA:</b> Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie.</li> </ol> <p>Foute belemmer betekenis ernstig.</p>
<p><b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b></p>	<p><b>17–20</b></p>	<p><b>13–15</b></p>	<p><b>10–12</b></p>	<p><b>7–8</b></p>	<p><b>0–5</b></p>

**Totaal: 100 punte**